Proof 3 Bus Day, Beeld on the 06/06/2007 size 43x6 Spell Check DC
Monique Otto 011 282 1847 011 282 8215 082 411 1082 monique.otto@imb.co.za

Remgro Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1968/006415/06)
Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480
("Remgro")

RAINBOW™

Rainbow Chicken Beperk
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1966/004972/06)
Aandelekode: RBW ISIN: ZAE000019063
("Rainbow" of "die Maatskappy")

Uitslag van skemavergadering en bepalings van alternatiewe aanbod

1. UITSLAG VAN SKEMAVERGADERING

Aandeelhouers word meegedeel dat die reëlingskema ("die skema"), ingevolge artikel 311 van die Maatskappywet, 1973, (Wet 61 van 1973) soos gewysig, voorgestel deur Remgro tussen Rainbow en sy aandeelhouers, nie goedgekeur is deur die vereiste meerderheid van skemalede op die skemavergadering wat op Dinsdag 5 Junie 2007 gehou is nie.

Gevolglik is die opskortende voorwaardes met betrekking tot die goedkeuring daarvan deur die vereiste meerderheid aandeelhouers nie nagekom nie en die skema sal nie voortgaan nie. 'n Eksemplaar van die Voorsitter se verslag oor die skemavergadering sal vanaf 6 Junie 2007 (gratis) in normale kantoorure aan enige Rainbow aandeelhouer beskikbaar wees by Rainbow se geregistreerde kantoor te One The Boulevard, Westway-kantoorpark, Westville.

2. DIE ALTERNATIEWE AANBOD

Die alternatiewe aanbod, soos uiteengesit in bylaag 13 van die omsendbrief aan aandeelhouers gedateer 15 Mei 2007 ("die omsendbrief"), met wysigings van die maksimum aanvaardings en vereffeningsprosedure, soos uiteengesit in paragrawe 2.5 en 2.6 hieronder, sal nou van krag word. Rainbow se direksie het hierdie wysigings goedgekeur.

Die wesenlike bepalings en datums, en die prosedure vir aanvaarding van die alternatiewe aanbod word hieronder uiteengesit.

2.1 Bepalings van die alternatiewe aanbod

Remgro maak hiermee 'n aanbod om alle Rainbow aandele gehou deur Rainbow aandeelhouers (behalwe Remgro en sy filiale) ("aanboddeelnemers") wat op Rainbow se register gedurende die aanbodtydperk geregistreer is, te verkry.

Die alternatiewe aanbod kan te eniger tyd gedurende die tydperk van die alternatiewe aanbod (soos hieronder uiteengesit) aanvaar word mits aandeelhouers as sodanig op Rainbow se register geregistreer is wanneer die oordragsekretarisse hulle keuses ontvang. Nuwe Rainbow aandeelhouers moet hulle Rainbow aandele gekoop het teen nie later nie as Vrydag 22 Junie 2007 ten einde aan die alternatiewe aanbod deel te neem.

2.2 Tydperk van die alternatiewe aanbod

Die aanbod sal oop wees van 09:00 op 6 Junie 2007 ("die openingsdatum") en sal sluit om 12:00 op 29 Junie 2007 ("die sluitingsdatum") ("die aanbodtydperk").

2.3 Belangrike datums met betrekking tot die alternatiewe aanbod

	2007
Openingsdatum van die aanbod	Woensdag 6 Junie
Laaste dag om deel te neem aan die alternatiewe aanbod	Vrydag 22 Junie
Rainbow aandele verhandel sonder die alternatiewe aanbod	Maandag 25 Junie
Rekorddatum vir die alternatiewe aanbod*	Vrydag 29 Junie

**Dit is die finale datum vir aanboddeelnemers om op Rainbow se register geregistreer te wees om aan die aanbod deel te neem. Aanboddeelnemers wat voor hierdie datum op die register geregistreer is, is geregtig om te eniger tyd gedurende die verloop van die aanbodtydperk deel te neem, met dien verstande dat hulle as sodanig geregistreer is wanneer die oordragsekretarisse hulle keuses ontvang.*

2.4 Die alternatiewe aanbodteenprestasie

Die alternatiewe aanbodteenprestasie is:

2.4.1 'n kontantteenprestasie van R16.00 vir elke Rainbow aandeel gehou deur aanboddeelnemers ("kontantaanbodteenprestasie"); of

2.4.2 8.1 Remgro aandele vir elke blok van 100 aandele gehou deur aanboddeelnemers ("aandeelaanbodteenprestasie"); of

2.4.3 'n kombinasie van kontant en Remgro aandele waarna verwys is in paragrawe 2.4.1 en 2.4.2 hierbo,

volgens aanboddeelnemers se keuse op voorwaarde dat die aanbodteenprestasie slegs in blokke van 100 Rainbow aandele elk gekies kan word. Indien aanboddeelnemers (ten volle of gedeeltelik) die aandeelaanbodkeuse kies, sal enige breukdele ten opsigte van Remgro aandele in kontant vereffen word teen die bedrag van R19.75 per 0.1 Remgro aandeel.

2.5 Opheffing van beperkingsvlak op maksimum aanvaardings

Remgro het ingestem tot die opheffing van die beperkingsvlak op maksimum aanvaardings van die alternatiewe aanbod. Aanboddeelnemers mag dus die aanbod aanvaar ten opsigte van al hulle Rainbow aandele.

2.6 Prosedure vir aanvaarding van die alternatiewe aanbod

Die alternatiewe aanbod kan te eniger tyd gedurende die aanbodtydperk aanvaar word mits die Rainbow aandeelhouers as sodanig op Rainbow se register geregistreer is wanneer die oordragsekretarisse hulle keuse ontvang.

Remgro het ingestem dat aanvaardings van die alternatiewe aanbod binne vyf besigheidsdae na ontvangs deur die oordragsekretarisse van die deelnemers se bogemelde keuses vereffen word.

Gedematerialiseerde aandeelhouers wat die aanbod wil aanvaar, moet hul Sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer ("SSBD's") of makelaars ooreenkomstig die bepalings van die veilige bewaringsooreenkomste wat tussen hulle aangegaan is, opdrag gee om die alternatiewe aanbod te aanvaar. Alle aanvaardings moet deur die oordragsekretarisse ontvang word nie later nie as 12:00 op die sluitingsdatum.

Gesertifiseerde aandeelhouers wat die aanbod wil aanvaar, moet die vorm vir keuse aanvaarding en oordrag ("vorm vir keuse aanvaarding en oordrag") voltooi wat vervat is in die omsendbrief (waarvan eksemplare beskikbaar is by Computershare Investor Services 2004 (Eiendoms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg ("oordragsekretarisse")) en dit terugbesorg aan die oordragsekretarisse saam met die titeldokumente, om deur die oordragsekretarisse ontvang te word nie later nie as 12:00 op die sluitingsdatum.

2.7 Vereffening van die alternatiewe aanbodteenprestasie

2.7.1 Die alternatiewe aanbodteenprestasie verskuldig aan gedematerialiseerde aanboddeelnemers sal soos volg vereffen word:

2.7.1.1 indien die gedematerialiseerde aanboddeelnemers kies om enige deel van die alternatiewe aanbodteenprestasie in kontant te ontvang, en/of indien enige breukregte op Remgro aandele in kontant vereffen moet word volgens paragraaf 2.4 hierbo, sal sodanige kontantbedrae binne vyf besigheidsdae na ontvangs deur die oordragsekretarisse van sodanige aanboddeelnemers se keuses, aan sodanige aanboddeelnemers se SSBD's of makelaarsrekeninge oorgeplaas word en daarna sal sodanige aanboddeelnemers se rekeninge by hul SSBD's of makelaars met die kontantaanbodteenprestasie en/of die kontantbedrae spruitend uit breukregte op Remgro aandele gekrediteer word;

2.7.1.2 indien die gedematerialiseerde aanboddeelnemers kies om enige deel van die alternatiewe aanbodteenprestasie in Remgro aandele te ontvang, sal die aandeelaanbodteenprestasie (in gedematerialiseerde Remgro aandele) binne vyf besigheidsdae na ontvangs deur die oordragsekretarisse van sodanige aanboddeelnemers se keuses, teen hul rekeninge, gehou by hul SSBD's of makelaars, ingevolge die veilige bewaringsooreenkomste aangegaan tussen sodanige aanboddeelnemers en hul SSBD's of makelaars gekrediteer word; en

2.1.7.3 alle keuses om die alternatiewe aanbodteenprestasie in kontant en/of Remgro aandele te ontvang sal gedoen word ooreenkomstig die bepalings van die veilige bewaringsooreenkomste aangegaan tussen sodanige gedematerialiseerde aanboddeelnemers en hul SSBD's of makelaars ten tye van die aanvaarding van die alternatiewe aanbod.

2.7.2 Die alternatiewe aanbodteenprestasie verskuldig aan gesertifiseerde aanboddeelnemers sal soos volg vereffen word:

2.7.2.1 indien die gesertifiseerde aanboddeelnemers kies om enige deel van die alternatiewe aanbodteenprestasie in kontant te ontvang en/of enige breukregte op Remgro aandele ingevolge paragraaf 2.4 hierbo in kontant vereffen moet word, sal sodanige kontantbedrae per gewone pos op eie risiko aan sodanige aanboddeelnemers gepos word na hul adresse soos aangetoon in die register. Indien Deel D van die vorm vir keuse aanvaarding en oordrag voltooi is, sal dit per elektroniese oordrag gedoen word na die benoemde bankrekening van die betrokke gesertifiseerde aanboddeelnemers binne vyf besigheidsdae na ontvangs deur die oordragsekretarisse van die behoorlik voltooide vorm vir keuse aanvaarding en oordrag saam met die betrokke titeldokumente (in verhandelbare vorm);

2.7.2.2 indien die gesertifiseerde aanboddeelnemers kies om enige deel van die alternatiewe aanbodteenprestasie in Remgro aandele te ontvang, sal sodanige deelnemers hul aandeelaanbodteenprestasie in gesertifiseerde Remgro aandele ontvang. Dit sal per geregistreerde pos op eie risiko aan sodanige aanboddeelnemers gestuur word, na hul adresse, soos aangetoon in die register, binne vyf besigheidsdae na ontvangs deur die oordragsekretarisse van die behoorlik voltooide vorm vir keuse aanvaarding en oordrag saam met die betrokke titeldokumente (in verhandelbare vorm).

2.7.2.3 Gesertifiseerde aanboddeelnemers se keuses om die alternatiewe aanbodteenprestasie in kontant of Remgro aandele of 'n kombinasie van kontant en Remgro aandele te ontvang, moet aangedui word op die vorm vir keuse aanvaarding en oordrag, by verstek waarvan hulle geag sal word die kontantteenprestasie te gekies het.

Aandeelhouers wat die alternatiewe aanbod nie wil aanvaar nie, hoef nie verdere stappe te doen nie en sal op die sluitingsdatum geag word dat hulle die alternatiewe aanbod nie aanvaar het nie.

Durban
Dinsdag 5 Junie 2007

Borg vir Rainbow

RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

Onafhanklike adviseur vir Rainbow

Investec Bank Limited
Investec Bank Limited
(Registrasienommer 1969/004763/06)

Prokureurs vir Rainbow

routledge modise attorneys

Verslagdoenende rekenmeesters vir Rainbow

PricewaterhouseCoopers Ing
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
(Registrasienr. 1998/012055/21)

Aksepbank en borg vir Remgro

RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

Prokureurs vir Remgro

Hofmeyr
Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ing.
Registrasienommer 1997/001523/21

INCE